14 Oktober **Skrifgedeelte: Eksodus 21:1-11; 22:21-27, 23:9**

Bevrydes mag mekaar nie verslaaf nie

Die omskrywings en toepassings van die tien gebooie in Eksodus 21- 23 begin met opset met die verhouding tussen die bevrydes en hulle slawe. God het Israel uit slawerny bevry en hierdie verlossing is die begronding van die tien gebooie. Die belewing van verlossing kan en mag die verloste nie koud laat nie. Dit lei nie alleen tot ‘n diepe dankbaarheid teenoor die Verlosser nie, maar beïnvloed ook die verhouding met jou naaste.

Te midde van ‘n wêreld waarin slawerny algemene praktyk was, was dit ongehoord vir die bevryde Israeliete om medevolksgenote te verslaaf of uit te buit deur onredelike renteverhalings. Uitbuiting en verslawing van weerlose groepe soos weduwees, weeskinders en selfs vreemdelinge, wat sonder regte was, is verbied. Alhoewel ‘n behoeftige volksgenoot in diens geneem kon word, mag hy nie soos ‘n slaaf behandel word nie. Hy moes na ‘n bepaalde tydperk vry wees om die diens te verlaat. Vroulike slawe moes die volle huweliksreg as wettige vrou ontvang.

Die verslaafde wêreld soek geleenthede vir uitbuiting. Die bevryde kind van God sien egter geleenthede vir uitreiking, hulp en opheffing. Ons verlossing is immers soveel meer omvattend as bloot ‘n verlossing uit fisiese slawerny. Ons is in Christus verlos uit die heerskappy van die duiwel, die sonde, die dood en ons ou natuur. Ons verhouding met ons naaste behoort dit duidelik te toon.

Kan die wêreld in u menseverhoudings sien dat u verlos is?

Sing: Psalm 107:1,7 Ds HB Hattingh (Amanzimtoti)